

25 Julie

Skrifgedeelte: Romeine 7:1-6
Fokusgedeelte: Romeine 7:4, 6

Christus laat ons nuut lewe deur sy Gees

Hoe aanbid jy die Here? Paulus toon aan dat die kerk deur Jesus Christus God nuut en vars aanbid. Dit gebeur omdat Christus die wet in ons plek vervul het. Nou is die weg van verlossing en saligheid nie meer die nakoming van die wet nie. Ons word nou verlos deur in Christus te glo.

Paulus teken hierdie nuwe verlossingsmanier vir ons met die beeld van 'n huwelik. As jou man sterf is jy vry om weer te trou. Dan pas Paulus hierdie voorbeeld toe op die wet wat saam met Christus gesterf het. Ons wetshuwelik is nou verby. Nou kan ons 'n nuwe huwelik aangaan. Dié huwelik is met Jesus Christus as ons in sy genade glo. Nou word ons uit genade gered en nie meer deur ons werke nie.

Die resultaat van hierdie huwelik met Christus is dat Hy ons nou nuut maak om deur sy Gees in liefde vir Hom te lewe. Die ou sleurgang van sware wetsonderhouding bestaan nie meer in ons lewe nie, want die Gees dring ons nou om die Here uit dankbaarheid en van harte te dien.

Dit is juis die Gees wat God se wette nou op die tafels van ons harte skrywe (Jer 31:33; Eseg 36:27) sodat ons dit van binne-uit doen en nie meer bolangs nie. As God se genade die dryfveer van ons aanbidding van God is, is daar nie meer 'n koue, kliniese of wettiese kerkgang nie. Dan bestaan ons lewe nie meer uit wet op wet, gebod op gebod en reël op reël wat aan ons voorskryf nie, maar uit liefde vir die Here. Ons godsdiens word spontaan, vry, gewillig en van harte. Daar kom 'n dinamika in die liturgie en 'n vitaliteit in die dogma. Oorherhaalde rympies, dooie roetine en rigiede, ingegiete vorme gekenmerk deur militêre presisie sterf uit. Ons is mos vrygemaak van die wet (vs 6)! Ons leef mos deur die Gees! Die vraag is: Wat is die dryfveer van jou godsdiens?

Sing: Psalm 116:1, 7

Ds. TJ Potgieter (Bloemfontein-Noord)